


KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 134 20 April 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Goue kus, goue kalf.

Die Statebondspele het die gebruiklike skouspel gelewer. Prestasies verg toewyding en harde werk. Geluk aan almal wat gekies is en deelgeneem het en 'n besondere gelukwensing aan die atlete wat medaljes verower het. Soos in die verlede was daar tog ook kontrovers. Daar was ontevredenheid oor spankeuses in die aanloop tot die vier-jaarlikse gebeurtenis.

Daar was atlete wat na verwagting presteer het. Daar was atlete en spanne wat bo verwagting uitgestyg het. Daar was spanne wat merkbaar teleurgestel het, in die besonder die Blitsbokke.

Die Statebond (vir diegene wat nie weet nie of dalk vergeet het) oftewel Gemenebes van Nasies bestaan uit al die lande en volke wat in die vorige era deel was van die Britse "Empire". 'n Ryk wat so groot was dat die Britte gespog het die son sak nooit op die "Empire" nie. Die Gemenebes bestaan uit 53 nasies (20% van die landmassa op al ses kontinente met 'n beraamde 2.4 biljoen siele) wat meestal Britse kolonies was en as hoof steeds die koningin van Engeland het. Die Gemenebes het ontstaan toe die verskillende kolonies selfregering gekry het. Die RSA het met die keuse om republiek te

word uit hierdie Engelse koloniale organisasie getree.

Die ironiese wendings is uiters amusant. Die eerste is dat die nuwe RSA gekies het om terug te keer tot die Gemenebes. Terug te keer na die organisasie wat bestaan uit die Kroon en voormalige kolonies. Dit terwyl die Engelse en ander hulle bes gedoen het om so gemeen moontlik met ons te wees in die vorige era.

Die Gemenebes se *lingua franca* is Engels, en die nuwe (ook al amper 25 jaar in beheer) owerhede doen hulle bes om alles te verengels.

Dit is verder insiggewend om te besef dat die de-kolonialisasie beweging wat so gewild is onder die nuwe 'bevryders' saamjubel oor medaljes en prestasies. Om ontslae te raak van die gevolge van kolonialisasie impliseer immers dat 'n organisasie soos die Gemenebes nie welkom sal wees nie.

So terloops, een van die persone wat vroeg reeds (1917) verwys het na die "British Commonwealth of Nations" was Jan Smuts, een wie se beelde onlangs moes 'val'. Mense het duidelik perspektief verloor. Dit het ook flagrant duidelik geword tydens een item van die Goue Kus Spele.

Soos dit is, is die marathon 'n uitmergelende item om aan deel te neem. Die marathon het na legende sy afstand en naam te danke aan

die slag tussen die Grieke en die Perse (460 vC). Die boodskapper, Philippides, het van Marathon na Athene gehardloop om die berig van die oorwinning oor te dra. Die storie vertel dat hy uitgeroep het "νενικήκαμεν" - ons het oorwin - en toe neergeslaan het en gesterf het. Goue Kus 2018 se insident herinner daaraan: Die insident wat ontstellend was, het as hoofrolspeler die voorloper gehad. Na veertig kilometer was hy ver genoeg voor en was sy goue medalje so te sê verseker. Toe tref hy meer as die denkbeeldige muur. Die mediese kenners sal waarskynlik goeie biologiese redes kan gee vir dit wat ten aanskoue van die wêreld gebeur het. Die man se knieë het in alle rigtings begin beweeg, hy het gestrompel en geval. Hy het op die grond gelê en soos 'n kuiken gewieg wat in die stewige greep van doodsnikke vasgevang is.

Niemand het hom te hulp gesnel nie. Dit was duidelik dat hierdie man nie verder kon gaan nie. Met suiwer wilskrag het hy homself orent gekry en so al teen die kant van die pad, telkens botsend teen die reëlings, het hy weer probeer. Weer het hy geval en weer het niemand hom kom help nie. Na ongeveer twee minute het sy naaste teenstander hom ingehaal en onder uitasem kommentaar van die Australiese kommentators verby gehardloop. Ander het gekom en hom net so gelos. Geen deelnemer het hom te hulp gesnel nie. Geen beampste of toeskouer het daardie man in enorme lyding kom help nie. Almal se aandag was op die medaljes gerig. Die kommentators het so ewe verduidelik dat enige hulp wat aan die man verleen sou word, sou beteken dat hy gediskwalifiseer word. Het ons so gefokus geraak op medaljes en prestasies dat ons ons eie menslikheid verloor het? Het ons so erg

perspektief verloor dat ons nie die toeskouer jassie kan losmaak en eenkant gooi nie? Het ons op die Goue Kus die nuwe goue kalf van menslike prestasies gesien?

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

KITTY WALLIS OORLEDE

Ons neem met leedwese kennis van die skielike afsterwe van mevrou Kitty Wallis. Sy het na 'n baie kort siekbed Dinsdag 17 April 2018, skaars 'n maand na haar 86e verjaarsdag haar laaste asem uitgeblaas. Ds Jan Wallis is kort voor Kersfees 2017 oorlede. Haar begrafnis vind Vrydag 11:00 plaas vanuit die Premiermyn Hervormde kerk.

STEEDSHERVORMER-BYEENKOMS HARTENBOS 2 MEI

Na aanleiding van verskeie versoeke vanuit 'n oningeligde NHKA kerkvolk, is daar ooreengekom om verskeie **Steeds-Hervormer** byeenkomste te hou om lidmate wat nie deel is van die GHG nie oor verskeie sake in te lig. Die eerste van hierdie byeenkomste vind op Woensdag **2 Mei 2018** teen 17:00 in **Hartenbos** plaas. Enige persoon wat belangstel, is welkom om die byeenkoms by te woon. Die geleentheid sal plaasvind in die **Indaba kamer by die see front sentrum in Hartenbos** langs die Clicks. Maak reeds die datum vas, ons sien uit daarna om met u te gesels. Belangstellendes kan Dr Otto kontak by 082 767 7891. U kan ook enige navrae stuur aan drotto1.jo@gmail.com.

Daar word ook byeenkomste beplan vir die Springbokvlakte (Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit omgewing), Die Bosveld (Ellisras, Vaalwater, Botswana grens) en die

Laeveld (Phalaborwa, Tzaneen, Hoedspruit).

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjevorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en
besprekings 0829082831
auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

27 April 2018—29 April 2018



www.proteacullifest.co.za



STEVE HOFMEYR

Hervormde Gemeente Roedtan

ter waarde van

BILTONG JAG R50 000

**Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!*



Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreëling • verhitte swembad • braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe • vries- en yskas • ysmasjien
- DSTV • skoonmakers • gitse • oplasi & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

Jaarpakket:

11-15 Julie 2018
Verblyf vir 10 persone vir
5 dae by Harlou Jagplaas
- Roedtan

- 1 x Blouwildebees
- 2 x Rooibokke
- 2 x Blesbokke
- 2 x Vlakvarke
- 1 x Rooihartebees

Koste per Kaartjie:

R60